

Britz, E. KUNTSENAARSOOG BEKYK MANLIKE IDENTITEIT in Volksblad, Bloemfontein, February

WEERGEGEE DEUR AFBEELDINGS EN DOKKIE

Agter die Suid-Afrikaanse kunstenaar Paul Emmanuel se insallisie *Transitions* lê veel meer as wat die oog kan sien.

Dié uitstalling en rolprentprojek in die Oliewenhuis-kunsmuseum in Bloemfontein bestaan uit 'n reeks van vyf "oënskynlik fotografiese werke" en 'n dokumentêre rolprent. Dit is die sigbare deel.

Daaragter lê 'n verbeeldingryke model wat ontwikkel is om finansiering vir die projek te genereer.

Dit kom kortliks neer op die verkoop van Emmanuel se toekomstige kunswerke teen heersende pryse. Teen die tyd dat die werke voltooi is, sal Emmanuel se bekendheid deur uitstallings landwyd en oorsee gegroei het en dus ook die waarde van sy werk.

Wat die publiek sien wanneer hulle Oliewenhuis besoek, is die "fotografiese werke" wat in werklikheid reekse sensitiewe hand getekende fotorealitiese afbeeldings is.

Dit ondersoek die onsigbare emosionele sfeer en oomblikke van verandering in manlike identiteit.

Die sesde werk, 'n rolprent van 12 minute getitel *3SAI: A Rite of Passage*, pas aan by die tema, maar kan ook buite die konteks van die uitstalling bestaan. Dit kan, en sal waarskynlik, op buitelandse rolprentfeeste vertoon word.

Die dokkie gaan oor die skeer van hare van nuweling in die Derde Suid-Afrikaanse Infanterie Bataljon (3SAI) in Kimberley. 3SAI is een van twee militêre opleidingskampe in Suid-Afrika waar die skeer van hare steeds verpligtend is.

Emmanuel sê die "rolprentagtige progressies vang psigiese grensmomente in vyf oorgangsfases in die mens se lewe vas".

Hy gebruik 'n aanhaling deur die skrywer Susan Sontag as vertrekpunt vir sy uitstalling: "A photograph is only a fragment, and with the passage of time, its moorings become unstuck. It drifts away into a soft abstract past-ness, open to any kind of reading."

Transitions is Emmanuel se sesde solouitstalling en het vier jaar geneem om te voltooi.